

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing** : Romeine 6: 12-23

**Tema** : Wat van sonde? Hoe dink ons vandag daaroor en hoe het Paulus se geskifte ons persepsies gevorm?

### BROODJIES VIR DIE PAD

“Being a Christian is less about cautiously avoiding sin than about courageously and actively doing God's will.”

— Eric Metaxas, Bonhoeffer: Pastor, Martyr, Prophet, Spy

“Before I knowed it, I was sayin' out loud, 'The hell with it! There ain't no sin and there ain't no virtue. There's just stuff people do. It's all part of the same thing.' . . . I says, 'What's this call, this sperit?' An' I says, 'It's love. I love people so much I'm fit to bust, sometimes.' . . . I figgered, 'Why do we got to hang it on God or Jesus? Maybe,' I figgered, 'maybe it's all men an' all women we love; maybe that's the Holy Sperit-the human sperit-the whole shebang. Maybe all men got one big soul ever'body's a part of.' Now I sat there thinkin' it, an' all of a suddent-I knew it. I knew it so deep down that it was true, and I still know it.”

— John Steinbeck, *The Grapes of Wrath*

“I'd rather laugh with the sinners than cry with the saints.”

— Billy Joel

“And this is one of the most crucial definitions for the whole of Christianity; that the opposite of sin is not virtue but faith.”

— Søren Kierkegaard, *The Sickness Unto Death: A Christian Psychological Exposition for Upbuilding and Awakening*

“The man who has a conscience suffers whilst acknowledging his sin. That is his punishment.”

— Fyodor Dostoyevsky, *Crime and Punishment*

“Good men and bad men alike are capable of weakness. The difference is simply that a bad man will be proud all his life of one good deed - while an honest man is hardly aware of his good acts, but remembers a single sin for years on end.”

— Vasily Grossman, *Life and Fate*

“Extraordinary afflictions are not always the punishment of extraordinary sins, but sometimes the trial of extraordinary graces.”

— Matthew Henry, *Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible*

“Some people feel guilty about their anxieties and regard them as a defect of faith. I don't agree at all. They are afflictions, not sins. Like all afflictions, they are, if we can so take them, our share in the Passion of Christ”

— C.S. Lewis, *Letters to Malcolm: Chiefly on Prayer*

“Grace is not opposed to effort, it is opposed to earning. Earning is an attitude. Effort is an action. Grace, you know, does not just have to do with forgiveness of sins alone.”

— Dallas Willard, *The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship*

“Of the Seven Deadly Sins, anger is possibly the most fun. To lick your wounds, to smack your lips over grievances long past, to roll over your tongue the prospect of bitter confrontations still to come, to savor to the last toothsome morsel both the pain you are given and the pain you are giving back--in many ways it is a feast fit for a king. The chief drawback is that what you are wolfing down is yourself. The skeleton at the feast is you.”

— Frederick Buechner

“God grant me the serenity  
to accept the things I cannot change;  
courage to change the things I can;  
and wisdom to know the difference.

Living one day at a time;  
Enjoying one moment at a time;  
Accepting hardships as the pathway to peace;  
Taking, as He did, this sinful world  
as it is, not as I would have it;  
Trusting that He will make all things right  
if I surrender to His Will;  
That I may be reasonably happy in this life  
and supremely happy with Him  
Forever in the next.  
Amen.”

— Reinhold Niebuhr

“Paul believed, in fact, that Jesus had gone through death and out the other side. Jesus had gone into a new mode of physicality, for which there was no precedent and of which there was, as yet, no other example.”

— N.T. Wright, *What Saint Paul Really Said: Was Paul of Tarsus the Real Founder of Christianity?*

### **Stewige teaterdebut lig maatskaplike vraagstukke uit op vanjaar se Toyota US Woordfees**

Netwerk24

Marlo Minnaar vertolk die naamrol in die biografiese toneelstuk ‘Boesak’ wat handel oor die lewe van die predikant en anti-apartheidsaktivis Allan Boesak. Mercy Kannemeyer is die skrywer en regisseur

Die Toyota US Woordfees bult vanjaar sy spiere met meer as 50 dramaproduksies waarvan meer as tien debuutstukke is.

Bekende en gerekende name van akteurs en regisseurs beloop ’n sterk dramaprogram en verskeie stukke was reeds treffers op ander feeste en verhoë.

Dis opmerklik hoeveel van die debuutstukke vertaalde werk is en hoeveel van hulle ’n hoë ouderdomsperk het, of ouerbegeleiding aanbeveel.

Tinarie van Wyk Loots is te sien in ‘Die vegetariër’, sy is ook die regisseur en vertaler van ‘Monsters’

Een met ’n ouderdomsperk van 18 (GSN) is Die vegetariër, ’n verhoogverwerking van Han Kang se roman *The Vegetarian*. Willem Anker is die vertaler en Jaco Bouwer die regisseur en vervaardiger. Die gedugte span van Tinarie van Wyk Loots, Wilhelm van der Walt, Stian Bam en Rolanda Marais is in die rolverdeling. Die stuk handel oor meer as net iemand wat ophou vleis eet. Dis ’n vrou se toenemende fisieke en psigiese verset teen haar man, swaer en suster wat getuies is van haar reis en groeiende fantasieë. Die stuk het ’n traumatiese inhoud, onder meer selfskending.

Dean Balie speel teenoor Karli Heine en Ben Albertyn in die donkerkomiese tragedie ‘Op ons’.

Niemand onder 18 jaar oud gaan die kans kry om Tollie Parton: Hoe om oor jouself te kom te kan sien nie. Wynand Kotze is terug as Tollie en sy vertel haar volle storie. Nico Scheepers is die regisseur en skrywer en Loki Rothman sal die musiek verskaf.

In *Monsters* kom ware gebeure en geweld onder die loep. Dis ’n vertaalde werk van die Sweedse dramaturg Niklas Rådström waarin twee tienjarige seuns

ondervra word ná die verdwyning van die tweejarige James Bulger. Tinarie van Wyk Loots is die regisseur en vertaler met Michele Burgers, Elton Landrew, Ntlanhla Kutu en René Cloete in die rolverdeling. Jaco Bouwer is verantwoordelik vir die beligtingsontwerp en Pierre-Henri Wicomb vir die musiek.

Marita van der Vyver het self haar roman *Stiltetyd* vir die verhoog verwerk. Eloise Clasen is te sien in hierdie stuk wat handel oor ’n tragedie wat ’n gesin tref kort voordat hulle met ’n idilliese sabbatsjaar Frankryk toe gaan. In plaas daarvan om ’n huis in Provence te restoureer, verander hul jaar in hartseer, pyn, verlange en stilte waarin hulle nie net die huis moet herbou nie, maar ook die gesin. Neels Clasen is die regisseur.

Wessel Pretorius is al bekend vir sy aweregse en weldeurdagte werk. Hy is die skrywer en regisseur van die dramakomedie *Een keer om die son* (ouderdomsperk 16T). Hierdie keer gaan sy storie oor ’n planeet wat die aarde wil koloniseer. Navorsers word gestuur om aardbewoners se swakhede te bestudeer en ’n woonbuurt in Kroonstad word as die perfekte mikrokosmos gekies. Die navorsers en gevorderde tegnologie kry egter ’n hou op die neus. Eloise Clasen is te sien in ’n verhoogverwerking van Marita van der Vyver se roman ‘*Stiltetyd*’. Van der Vyver het self die roman vir die verhoog aangepas.

Routrip is ’n tragikomiese reis saam met Helena (Elzabé Zietsman) ná ’n mislukte selfdoodpoging en drie weke in ’n psigiatriese kliniek. Sy reis deur die land om haar besittings uit te deel en finaal van mense afskeid te neem. Elemente wat te wagte kan wees, is die humor van iemand wat wanhoop probeer ignoreer in ’n poging om vreesloos, vry en, op die oog af, sorgeloos te leef. Die regisseur is Maralin Vanrenen. Ook hier geld ouerbegeleiding (13T).

Gehore sal die anti-apartheidsaktivis Allan Boesak aan die hand van Boesak met Marlo Minnaar leer ken – van sy studentedae en sy werksaamhede in die bediening, tot sy egskeiding van sy eerste vrou en sy huwelik met Elna Botha. Hy het grense verskuif en hy word onthou as ’n semi-mitiese en amper ikoniese figuur. Mercy Kannemeyer is die skrywer en regisseur. *Op Ons* met Dean Balie, Karli Heine en Ben Albertyn word beskryf as ’n epiese, donkerkomiese tragedie waarin baie menslike swakhede oopgevlak word. Dit gaan onder meer kyk na keuses wat mense maak, depressie wat oral te vind is, maar wat teen wil en dank weggesteek word. Alma Nel is die skrywer en die regie, stel- en beligtingsontwerp is deur Jan Burger.

Die tragedie wat Alex (Conradie van Heerden) se lewe verwoes, word in *See muur* vertel. Dit speel af teen die agtergrond van die see wat gelyktydig beeldskoon en

genadeloos kan wees. Nico Scheepers het Simon Stephens se *Sea Wall* vertaal en hy is ook die regisseur. “’n Spookagtige en onvergeetlike ervaring” word vir kykers in die vooruitsig gestel.

Die regie van In die komedie *Tuis, ek’s Liefie*, is in Janice Honeyman se hande. Geslagsrolle word onder meer ondersoek met ’n terugblik na hoe dit in die verlede gesteld was. Belangrike vrae word gevra oor wat vroue wil hê en hoe hulle dit kan bereik. Francois Toerien het die oorspronklike teks van Laura Wade (*Home, I’m Darling*) vertaal. Cintaine Schutte, Wessel Pretorius, Crystal-Donna Roberts, Carlo Daniels, Amanda Strydom en Veronique Jephthas is in dié komedie met ’n angel in die stert te sien.

Vir diegene wat veiliger voel met produksies wat al hul slag gewys het, is daar onder meer *Die Moeder* en *Master Class* met Sandra Prinsloo as die trekpleister te sien. Daar is *Hoerkind* gegrond op Herman Lategan se boek met Geon Nel wat sy verhaal vertel, *Mirakel* met Dawid Minnaar in die rolverdeling en David Kramer se jongste musiekteaterstuk *Ver in die wêreld* Kittie te sien. Daar is verskeie lekker komedie-produksies vir almal wat tussen die swaar oomblikke ook net wil ontspan, soos *Laerskool Noord* en *Magda Louw*.

• *Die fees word van 7 tot 15 Oktober op Stellenbosch aangebied. Dit is oor nege dae versprei en nie sewe soos verlede jaar nie. Kaartjies sal van 7 Julie by Quicket te koop wees vir die om en by 640 unieke aanbiedings wat in meer as 50 lokale in en om die Eikestad aangebied word.*

## BROOD VIR DIE PAD

### **Geestelike Waardes: Dís interessante verband tussen jazz en teologie** **Netwerk24**

Onlangs het ek die geleentheid gekry om ’n konferensie oor “Theology Through Creative Practices” by te woon – met teoloë, kunshistorici en kunstenaars teenwoordig.

Tydens een van die voordragte verwys een van die sprekers na ’n aanhaling van die beroemde jazz-musikant Miles Davis: “Man, sometimes it takes you a long time to sound like yourself.”

Wat in dié aanhaling met die spreker (’n digter) resoneer, is die gedagte dat kreatiwiteit, outentisiteit en vernuwing nie losstaan van harde

werk en inspanning nie. Hoewel daar soms oomblikke van inspirasie is wat aanleiding daartoe gee dat iets besonder moeiteloos gestalte vind, is oorspronklikheid en innovasie meestal ten nouste verbind met ’n tydsame en gedissiplineerde werketiek.

En dít is ’n proses wat nie net deur insig en ekstase gekenmerk word nie, maar ook deur wroeging, ompaaie en mislukkings. Of, soos Davis dit in ’n ander opmerking gestel het: “If you are not making a mistake, it’s a mistake.” ’n Idee wat ook tydens die konferensie beklemtoon is, is dat kreatiwiteit nie noodwendig teenoor tradisie staan nie. Dit is meestal juis deur die bemoeienis met die komplekse verlede en geskiedenis van jou kunsvorm, godsdiens of lewensbeskouing dat vernuwende improvisasie moontlik word. Maar die kreatiwiteit wat hier ter sprake is – en byvoorbeeld neerslag vind in Davis se musiek – hang wel ook saam met die drang om iets nuuts te skep deur improvisasie.

Heelwat teoloë het al geskryf oor die verband tussen goeie jazz en goeie teologie. Jeremy Begbie, ’n teoloog en musikant, skryf byvoorbeeld in sy boek *Resounding Truth: Christian Wisdom in the World of Music* dat improvisasie saamhang met die interspel tussen orde en nie-orde, tussen die voorspelbare en die onverwagse, tussen die alledaagse en die ongewone. Begbie verbind voorts op teologiese wyse sodanige improvisasie met God se handelings.

God is getrou en standvastig en tree nie willekeurig op nie. Maar hierdie God doen ook telkens iets nuuts, onverwags en verrassend. Begbie praat selfs in hierdie sin van die Heilige Gees as die “Groot Improviseerder”.

Wat Begbie ook uitwys, is dat daar heelwat lewenswysheid te vinde is in jazz se praktyk van groep-improvisasie. Soos om ander te vertrou en “oop” te wees om van hulle te ontvang. En om die meeste te maak van wat hulle jou gee. Asook om die ruimte te maak vir hulle om hul beste te gee. ’n Ander bekende aanhaling van Davis verwoord iets hiervan: “When I’m playing, I am never through. It’s unfinished. I like to find a place to leave for someone else to finish it. That’s where the high comes in.” – RRV

[wynandgnel@outlook.com](mailto:wynandgnel@outlook.com) 082 901 5877